# „MONUMENT MOET MERK VAN GESKIEDENIS DRA"

## Rede deur Mnr. G. Moerdyk op Middelburg

(Van Ons Beriggewer).

RONDEBOSCH (Middelburg), 19 Oktober.—Middelburg het die besondere voorreg gehad om Saterdagaand, by die viering van helde-aand deur die plaaslike kuns- en kultuurvereniging 'n uiters besielende lesing deur die volksargitek, mnr. Gerard Moerdyk, oor die Volksmonument aan te hoor.

Mnr. Moerdyk het in sy inleiding daarop gewys hoe oral in Suid-Afrika daar monumente pryk, maar dat dié monumente nie die stempel van die geskiedenis van die Afrikaner dra nie.

Selfs monumente soos dié van Jan van Riebeeck in die Kaap, waaraan die Afrikaner groot waardering heg, is nie deur die Afrikaner self daar gestel nie. Rhodes het hierdie standbeeld daar geplaas.

Daar is net een monument in Suid-Afrika uit die volk tot die volk en dit is die Vrouemonument op Bloemfontein.

**DIE VOORTREKKERMONUMENT**

Deur die grootse monument, waarvan die hoeksteen met die Eeufees op 16 Desember gelê sal word, sal hierdie leemte nie so opmerklik meer wees nie, maar sal die Afrikaner 'n monument hê wat getuig van die karakter en roemryke dade van 'n stoere voorgeslag. Die monument moet groter in afmeting wees dan al die monumente saam in die land, omdat die daad van die Voortrekkers die grootste was van alle heldedade in ons geskiedenis, het mnr. Moerdyk verklaar.

Spreker het met kalkligbeelde op interessante wyse die monument aan die gehoor verduidelik en die verskillende geskiedenistaferele wat die monument moet vertolk, verklaar.

Hierna het mev. G. Moerdyk die gehoor weggevoer in haar toespraak wat hom oral openbaar in hierdie dae van die Ossewatrek.

Mnr. en mev. Moerdyk was albei in outydse Voortrekkerdrag gekleed en is besonder geesdriftig deur die gehoor ontvang.

Die verrigtinge van die aand is opgeluister deur 'n sangduo deur mej. Jackson en mnr. G. Scholtz, begelei deur mev. Durr.

Verder was daar gesamentlike sang- en musieknommers deur die plaaslike Ambagskool-orkes, wat die mense in opgeruimde stemming gebring het.